MN 8

~~VERTROULIK~~
~~CONFIDENTIAL~~

HUMAN
SCIENCES
RESEARCH
COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAV

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE WAT AS GEVOLG VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE IN LEBOWA ONTSTAAN

NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 HSRC MN 8 | 39839/X

HSRC Library and Information Service

HSRC
Private Bag X41
PRETORIA
0001

Tel: (012) 302 2505
Fax: (012) 302 2933

RGN
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Tel: (012) 302 2505
Fax: (012) 302 2933

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

39839

SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

# WERKGELEENTHEDE WAT AS GEVOLG VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE IN LEBOWA ONTSTAAN

C.P. WOLMARANS, M.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

TEUR : W. VERHOEF

HUMANITAS
RGN-HSRC

VERVALDATUM / DATE DUE

1987 -07- 1

PRETORIA

1974

1130266
9/8/99
Tany
18/8/99

[[ ]]NGSBEVINDING M-N-8

001.3072068 HSRC MN 8
*107934*

39839

# INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | AGTERGROND EN DOELSTELLING | 1 |
| 2 | DIE ONDERSOEK | 1 |
| 2.1 | Omskrywing van bou- en konstruksiebedrywighede | 1 |
| 2.2 | Instansies wat bou- en konstruksiebedrywighede onderneem | 2 |
| 2.3 | Veldwerk en vraelys | 3 |
| 3 | SAMEVATTING VAN BEVINDINGS | 3 |
| 4 | TABELLASIES | 5 |
| | BYLAE : VRAELYS | |

## TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 4.1 | BEROEPE DEUR BANTOES BEOEFEN | 5 |
| 4.2 | VAKATURES VIR BANTOEMANS | 7 |
| 4.3 | BEROEPSVERDELING VAN BANTOES VOLGENS BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR | 8 |
| 4.4 | BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN | 9 |
| 4.5 | VAKATURES VIR BLANKE MANS | 10 |
| 4.6 | OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN BANTOEWERKNEMERS | 10 |
| 4.7 | KWALIFIKASIEVEREISTES WAT AAN BANTOEWERKNEMERS GESTEL WORD | 11 |
| 4.8 | GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS VOLGENS BEROEP EN WERK-GEWERSEKTOR | 12 |
| 4.9 | TOTALE EN GEMIDDELDE LOON VAN BANTOES VOLGENS WERKGEWERSEKTOR | 15 |

## 1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die Regering het in 1973 die Clark-komitee aangestel met die spesifieke opdrag om die behoeftes aan tegniese opleiding in die Bantoetuislande en grensgebiede te bepaal. Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, het die komitee dringende behoefte aan syferkundige inligting in verband met werkgeleenthede, veral volgens beroep. Die RGN, wat sitting in hierdie komitee het, het meegehelp om die syferkundige inligting aan die komitee beskikbaar te stel. As eerste sektor is die sekondêre nywerheid gekies, en opnames is in die belangrikste groeipunte in die tuislande in samewerking met BENBO onderneem.

'n Verdere groot skepper van werkgeleenthede is die bou- en konstruksiebedryf in die tuislande. Opnames om die werkgeleenthede wat as gevolg van hierdie bedrywighede ontstaan, te bepaal, is reeds in Bophuthatswana en Kwa-Zulu gedoen. Die komitee het die RGN daarop versoek om 'n soortgelyke opname in Lebowa te doen.

Die doel met hierdie ondersoek is dus om die aard en omvang van werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa ontstaan, te bepaal.

## 2 DIE ONDERSOEK

### 2.1 OMSKRYWING VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE

Die bou- en konstruksiebedrywighede wat in Lebowa onderneem word, word in die volgende hoofgroepe verdeel:

(a) Dorpstigting, wat die bou van woonhuise, kampongs, skole, klinieke, hospitale en opleidingsinrigtings insluit. Die lewering van dienste soos water-, elektrisiteitsvoorsiening en riolering word ook by hierdie kategorie ingedeel.

(b) Infrastruktuurskepping, wat hoofsaaklik die bou van paaie, damme en brûe behels.

(c) Die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

Die bou- en konstruksiebedrywighede wat die ondersoekveld van hierdie projek uitmaak, het slegs op nuwe werk betrekking. Die instandhouding van bestaande geboue of ander stukture val dus buite die bestek van hierdie ondersoek. Waar dieselfde werkers vir bou- en konstruksiebedrywighede sowel

as vir instandhoudingswerk gebruik word, is die betrokke werkgeleenthede egter wel by die opname ingesluit.

Werkgeleenthede wat as gevolg van die bou van private woonhuise ontstaan, is nie by hierdie ondersoek in ag geneem nie. Daar word aanvaar dat geen noemenswaardige voltydse werkgeleenthede deur sodanige bouwerk geskep word nie.

## 2.2 INSTANSIES WAT BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE ONDERNEEM

Bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa word hoofsaaklik deur die volgende instansies onderneem:

(a) <u>Die Departement van Werke van die Lebowa-regeringsdiens</u>

Die Departement van Werke is hoofsaaklik met dorpstigting en die lewering van dienste binne dorpsgebiede besig. Die Departement onderneem ook die oprigting van geboue buite dorpsgebiede, die bou van paaie, sowel as verskillende landbouingenieursprojekte.

(b) <u>Die Bantoe-Beleggingskorporasie</u>

Die BBK onderneem hoofsaaklik die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

(c) <u>Die Munisipaliteit van Germiston</u>

Dié munisipaliteit tree op as agent vir die Bantoesake-Administrasieraad van die Oos-Rand vir die ontwikkeling van Lebowa - Kgomo, die voorgestelde nuwe hoofstad van Lebowa.

(d) <u>Private Blanke kontrakteurs</u>

Blanke kontrakteurs is onder andere met die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue, asook watervoorsiening en riolering besig.

Die Departement van Werke van die Lebowa-regeringsdiens maak ook van tyd tot tyd gebruik van die dienste van private Bantoekontrakteurs wat bouwerk op 'n tenderbasis verrig. Daar kon ten tye van die opname nie vasgestel word hoeveel Bantoekontrakteurs bouwerk verrig nie, aangesien die getalle

voortdurend wissel. Die beamptes in beheer van sodanige bouwerk het egter aangetoon dat daar ten tye van die opname slegs enkele Bantoekontrakteurs met bouwerk besig was.

## 2.3 VELDWERK EN VRAELYS

Veldwerkers van die RGN het die instansies besoek wat bou- en konstruksiebedrywighede onderneem, ten einde die nodige inligting in te win. Die inligting is gedurende die tydperk 28 Januarie 1974 tot 21 Februarie 1974 met behulp van 'n vraelys (kyk Bylae) ingesamel.

## 3 SAMEVATTING VAN BEVINDINGS

Die syferkundige inligting in verband met werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa ontstaan, word in die tabelle wat in hoofstuk 4 supra gegroepeer is, aangetoon. Aangesien die tabelle in 'n groot mate selfverduidelikend is, word dit nie in detail bespreek nie. In hierdie hoofstuk word slegs die belangrikste bevindings aangestip en enkele verduidelikende opmerkings verstrek.

In tabel 4.1 word aangetoon dat 2346 Bantoewerknemers by bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa betrokke is, van wie 2265 (96,5%) mans en (3,5%) vroue is. Sowat twee-derdes van die mans (66,3%) en al die vroue is arbeiders. Die syfers tussen hakies na elke beroep in die betrokke tabel verwys na die indeling van die betrokke beroepe in 10 beroepskategorieë wat verder in die tabelle as veranderlike gebruik word.

Benewens die 2265 gevulde poste bestaan daar 194 vakatures vir Bantoemans (kyk tabel 4.2) wat dus beteken dat bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa werkgeleentheid vir 2459 Bantoemans skep.

Uit tabel 4.3 blyk dat slegs 'n relatiewe klein persentasie Bantoewerknemers (6,6% mans en 1,2% vroue) in die private sektor werksaam is. Die owerheidsektor, wat bestaan uit die Departement van Werke van die Lebowa-regeringsdiens, die B.B.K. en die Munisipaliteit van Germiston, is dus die belangrikste verskaffer van werkgeleenthede in die bou- en konstruksiebedrywighede. Dit blyk ook dat die owerheidsektor in 'n groot mate van geskoolde en halfgeskoolde Bantoemans en in 'n minder mate van arbeiders gebruik maak as die private sektor, aangesien 81,5 persent van die werknemers in die private sektor arbeiders is teenoor 65,7 persent van dié van die owerheidsektor.

Die bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa bied werkgeleenthede aan 77 Blanke mans (69 gevulde poste en 8 vakatures) en drie Blanke vroue (kyk tabelle 4.4 en 4.5). Slegs Blankes wat direk by bou - en konstruksiebedrywighede betrokke is, is in die ondersoek betrek. Blanke persone in die

hoofkantore van die betrokke instansies is dus uitgesluit. In die owerheidsektor is die verhouding Blankes tot Bantoes sowat 1 tot 56 (39 Blankes teenoor 2194 Bantoes) terwyl die verhouding in die private sektor sowat 1 tot 5 is (33 Blankes teenoor 152 Bantoes). Die owerheidsektor skep dus in vergelyking met die private sektor baie meer werkgeleenthede vir Bantoes as vir Blankes.

In tabel 4.6 word aangetoon watter beroepe deur werkgewers aangewys is as die waarin werkers beter opgelei moet word. Die getal kere wat werkgewers opleidingsbehoeftes aangetoon het, is ook in die tabel opgeneem. Met werkgewers word in hierdie verband verwys na individue wat in beheer van die werk aan verskillende projekte of in verskillende gebiede is. Sewe werkgewers in die owerheidsektor en drie private kontrakteurs het die betrokke vraag in die vraelys (vraag 3) waarop hierdie inligting gebaseer is, beantwoord. Twee werkgewers in die owerheidsektor en twee private kontrakteurs het aangetoon dat daar nie opleidingsbehoeftes bestaan nie. Die inligting in tabel vervat, weerspieël dus die antwoorde van 5 werkgewers in die owerheidsektor en een private kontrakteur wat wel van mening was dat hulle werknemers beter opgelei behoort te word. Dit wil voorkom asof die grootste behoefte aan opleiding by ambagslui bestaan. Hierdie groep werkers vervul 'n belangrike rol in bou- en konstruksiebedrywighede as die aard van die werk wat hulle doen in ag geneem word. Die vraag ontstaan dus of daar nie voorrang aan die beter opleiding van hierdie groep werkers verleen behoort te word nie.

Die kwalifikasievereistes wat oor die algemeen aan werknemers in die verskillende beroepskategorieë gestel word (kyk tabel 4.7) toon dat skolastiese kwalifikasies nie 'n besondere rol speel by die aanstelling van werknemers nie. Bepaalde skolastiese kwalifikasies word slegs vir sowat 5 tot 6 persent van die totale getal werknemers as vereiste gestel. 'n Mate van lees- en skryfkennis is egter wel nodig in daardie beroepe waar dit die agtergrond verskaf vir die bemeestering van die verskillende vakopleidingstoetse of vir die verkryging van 'n rybewys. Ervaring word as een van die vereistes vir sowat 20 persent van die werknemers gestel. Werkgewers maak in 'n groot mate van indiensopleiding gebruik, veral wat operateurs en niegesertifiseerde ambagslui betref. Die ervaring wat as vereiste aan hierdie groepe werkers gestel word, impliseer dus ook 'n mate van indiensopleiding.

Daar kan beswaarlik oor opleidingsbehoeftes vir werknemers besluit word sonder om die werknemers se loonstruktuur in ag te neem. Wanneer werknemers beter opgelei word, moet voorsiening vir bevorderingsgeleenthede en beter besoldiging ook in gedagte gehou word. Indien sodanige geleenthede nie geskep word nie, kan dit moontlik tot arbeidsomset by opgeleide werkers lei.

Die gemiddelde loon van Bantoewerknemers word in tabel 4.8 aangetoon. Dit blyk dat die gemiddelde weeklikse loon wat private kontrakteurs betaal, hoër is as dié wat werknemers in die owerheidsektor ontvang. In tabel 4.9 word 'n oorsigtelike beeld van gemiddelde en totale lone volgens werkgewer-sektor gegee. Indien die arbeidsterkte soos in die opname gevind regdeur die jaar gehandhaaf sou word, word 'n totale bedrag van ongeveer R19 000 per week (volgens gemiddelde lone bereken) aan Bantoewerknemers betaal. Dit beteken dat die bou- en konstruksiebedrywighede in Lebowa werkgeleentheid vir 2346 Bantoemans en -vroue verskaf teen 'n totale uitgawe van ongeveer R994 000 per jaar aan lone - dus 'n gemiddelde direkte loonkoste van ongeveer R420 per jaar vir die betrokke Bantoes.

By die beplanning van nuwe werkgeleenthede in die bou- en konstruksie-bedrywighede in Lebowa moet die gemiddelde direkte loonkoste van ongeveer R420 per jaar per werkgeleentheid in gedagte gehou word. Indien die opleidingspeil van die Bantoes verhoog sou word, sal hierdie bedrag waarskynlik ook hoër word.

## 4 TABELLASIES

TABEL 4.1

BEROEPE DEUR BANTOES BEOEFEN

(A) MANS

| Beroep | N | % |
|---|---|---|
| Arbeider (10) | 1502 | 66,3 |
| Vragmotorbestuurder (4) | 75 | 3,3 |
| Messelaar/Pleisteraar (nie-gesertifiseer) (8) | 59 | 2,6 |
| Messelaar (gesertifiseer) (5) | 53 | 2,3 |
| Trekkerbestuurder (7) | 52 | 2,3 |
| Betonmengeroperateur (7) | 49 | 2,2 |
| Elektrisiën (vakleerling) (9) | 48 | 2,1 |
| Padskraperoperateur (7) | 37 | 1,6 |
| Kruiptrekkeroperateur (7) | 35 | 1,5 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseer) (8) | 35 | 1,5 |
| Messelaar (nie-gesertifiseer) (8) | 30 | 1,3 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) (5) | 28 | 1,2 |
| Skilder (gesertifiseer) (5) | 25 | 1,1 |
| Skilder (vakleerling) (9) | 24 | 1,1 |
| Skilder (nie-gesertifiseer) (8) | 23 | 1,0 |
| Messelaar (vakleerling) (9) | 21 | 0,9 |
| Elektrisiën (nie-gesertifiseer) (8) | 20 | 0,9 |
| Voorman : Padbouwerk (6) | 20 | 0,9 |

TABEL 4.1 VERVOLG

| Beroep | N | % |
|---|---|---|
| Loodgieter (nie-gesertifiseer) (8) | 15 | 0,7 |
| Voorman : Bou ambagte (6) | 13 | 0,6 |
| Hamerbooroperateur (7) | 10 | 0,4 |
| Wag (10) | 10 | 0,4 |
| Meganiese skropoperateur (7) | 8 | 0,4 |
| Messelaar/Pleisteraar (gesertifiseer) (5) | 8 | 0,4 |
| Pypleêr (nie-gesertifiseer) (8) | 8 | 0,4 |
| Meganiese graafoperateur (7) | 6 | 0,3 |
| Messelaar/Pleisteraar (vakleerling) (9) | 6 | 0,3 |
| Steierwerker (nie-gesertifiseer) (8) | 6 | 0,3 |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur (7) | 5 | 0,2 |
| Inspekteur/superintendent van Werke (1) | 4 | 0,2 |
| Leerlingtegnikus (3) | 4 | 0,2 |
| Magasyn-/pakhuisklerk (2) | 4 | 0,2 |
| Skrynwerker (vakleerling) (9) | 4 | 0,2 |
| Dakwerker (nie-gesertifiseer) (8) | 3 | 0,1 |
| Loodgieter (gesertifiseer) (5) | 3 | 0,1 |
| Loodgieter (vakleerling) (9) | 2 | 0,1 |
| Skuurmasjienoperateur (7) | 2 | 0,1 |
| Stamperoperateur (7) | 2 | 0,1 |
| Voorman : Elektriese ambagte (6) | 2 | 0,1 |
| Oprigter van heinings (8) | 1 | 0,04 |
| Ruitinsitter (gesertifiseer) (5) | 1 | 0,04 |
| Ruitinsitter (nie-gesertifiseer) (8) | 1 | 0,04 |
| Voorman : Algemeen (6) | 1 | 0,04 |
| TOTAAL | 2265 | 100 |

(B) VROUE

| | | |
|---|---|---|
| Arbeider (10) | 80 | 98,8 |
| Kok (10) | 1 | 1,2 |
| TOTAAL | 81 | 100 |

TABEL 4.2

VAKATURES VIR BANTOEMANS

| Beroep | Owerheid-sektor | | Private sektor | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Elektrisiën (gesertifiseer) | 48 | 25,0 | | | 48 | 24,7 |
| Skilder (gesertifiseer) | 25 | 13,0 | | | 25 | 12,9 |
| Superintendent van Werke | 20 | 10,4 | | | 20 | 10,3 |
| Messelaar/Pleisteraar (gesertifiseer) | 18 | 9,4 | | | 18 | 9,3 |
| Loodgieter (nie-gesertifiseer) | 15 | 7,8 | | | 15 | 7,7 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) | 14 | 7,3 | | | 14 | 7,2 |
| Loodgieter (gesertifiseer) | 13 | 6,8 | | | 13 | 6,7 |
| Betonmengeroperateur | 9 | 4,7 | | | 9 | 4,6 |
| Messelaar (gesertifiseer) | 7 | 3,6 | | | 7 | 3,6 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseer) | 7 | 3,6 | | | 7 | 3,6 |
| Messelaar (nie-gesertifiseer) | 4 | 2,1 | | | 4 | 2,1 |
| Voorman (bouambag) | 4 | 2,1 | | | 4 | 2,1 |
| Skilder ( nie-gesertifiseer) | 3 | 1,6 | | | 3 | 1,5 |
| Vragmotorbestuurder | 2 | 1,0 | 1 | 50,0 | 3 | 1,5 |
| Administratiewe beampte | 1 | 0,5 | | | 1 | 0,5 |
| Leerlingtegnikus | 1 | 0,5 | | | 1 | 0,5 |
| Pypleêr | | | 1 | 50,0 | 1 | 0,5 |
| Tegniese beheerbeampte | 1 | 0,5 | | | 1 | 0,5 |
| TOTAAL N | 192 | 100 | 2 | 100 | 194 | 100 |
| % | 99,0 | | 1,0 | | 100 | |

TABEL 4.3

BEROEPSVERDELING VAN BANTOES VOLGENS
BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR

(A) MANS

| | Beroepskategorie | | Owerheids= sektor | | Private sektor | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | N | % | N | % | N | % |
| 1 | Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N<br>% | 4 | 0,2 | | | 4 | 0,2 |
| 2 | Klerke | N<br>% | 3 | 0,1 | 1 | 0,7 | 4 | 0,2 |
| 3 | Tegnici | N<br>% | 4 | 0,2 | | | 4 | 0,2 |
| 4 | Vervoerwerkers | N<br>% | 73 | 3,5 | 2 | 1,3 | 75 | 3,3 |
| 5 | Gesertifiseerde ambagslui | N<br>% | 118 | 5,6 | | | 118 | 5,2 |
| 6 | Voormanne en toesighouers | N<br>% | 36 | 1,7 | | | 36 | 1,6 |
| 7 | Operateurs | N<br>% | 202 | 9,6 | 4 | 2,6 | 206 | 9,1 |
| 8 | Nie-gesertifiseerde ambagslui | N<br>% | 180 | 8,5 | 21 | 13,9 | 201 | 8,9 |
| 9 | Vakleerlinge | N<br>% | 105 | 5,0 | | | 105 | 4,6 |
| 10 | Arbeiders | N<br>% | 1389 | 65,7 | 123 | 81,5 | 1512 | 66,8 |
| | TOTAAL | N | 2114 | 100 | 151 | 100 | 2265 | 100 |
| | | % | 93,3 | | 6,6 | | 100 | |

(B) VROUE

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10 | Arbeiders | N | 80 | 98,8 | 1 | 1,2 | 81 | 100 |
| | | % | 98,8 | | 1,2 | | 100 | |

## TABEL 4.4

## BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN

### (A) MANS

| Beroep | Owerheidsektor N | Owerheidsektor % | Private sektor N | Private sektor % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bestuurder/Superintendent van Werke | 20 | 52,6 | 5 | 16,1 | 25 | 36,2 |
| Elektrisiën (gesertifiseer) | 7 | 18,4 | | | 7 | 10,1 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) | | | 5 | 16,1 | 5 | 7,2 |
| Bouvoorman | 4 | 10,5 | | | 4 | 5,8 |
| Plaatmetaalwerker (vakleerling) | | | 4 | 12,9 | 4 | 5,8 |
| Siviele ingenieur | 4 | 10,5 | | | 4 | 5,8 |
| Plaatmetaalwerker (gesertifiseer) | | | 3 | 9,7 | 3 | 4,3 |
| Administratiewe beampte | 1 | 2,6 | 1 | 3,2 | 2 | 2,9 |
| Magasyn-/pakhuisklerk | 1 | 2,6 | 1 | 3,2 | 2 | 2,9 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseer) | | | 2 | 6,5 | 2 | 2,9 |
| Sweiser (gesertifiseer) | | | 2 | 6,5 | 2 | 2,9 |
| Sweiser (nie-gesertifiseer) | | | 2 | 6,5 | 2 | 2,9 |
| Ander ingenieurs | 1 | 2,6 | | | 1 | 1,4 |
| Dinamietskieter (gesertifiseer) | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| Passer en draaier (gesertifiseer) | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| Pypleêr (gesertifiseer) | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| Skrynwerker (vakleerling) | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| Takelaar | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| Tegniese beheerbeampte | | | 1 | 3,2 | 1 | 1,4 |
| TOTAAL N | 38 | 100 | 31 | 100 | 69 | 100 |
| % | 55,1 | | 44,9 | | 100 | |

### (B) VROUE

| Beroep | Owerheidsektor N | Owerheidsektor % | Private sektor N | Private sektor % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Boekhouer | 1 | 100,0 | 1 | 50,0 | 2 | 66,7 |
| Kassier/Betaalklerk | | | 1 | 50,0 | 1 | 33,3 |
| TOTAAL N | 1 | 100 | 2 | 100 | 3 | 100 |
| % | 33,3 | | 66,7 | | 100 | |

TABEL 4.5

VAKATURES VIR BLANKE MANS

| Beroep | Owerheidsektor N | Owerheidsektor % | Private sektor N | Private sektor % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Administratiewe beampte | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Bestuurder/Superintendent van Werke | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Bouvoorman | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Elektriese Ingenieur | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Leerlingtegnikus | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Plaatmetaalwerker (gesertifiseer) | | | 1 | 50,0 | 1 | 12,5 |
| Siviele ingenieur | 1 | 16,7 | | | 1 | 12,5 |
| Takelaar | | | 1 | 50,0 | 1 | 12,5 |
| TOTAAL N | 6 | 100 | 2 | 100 | 8 | 100 |
| % | 75,0 | | 25,0 | | 100 | |

TABEL 4.6

OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN BANTOEWERKNEMERS

| Beroepe waarin werkers beter opgelei moet word | Getal kere wat werkgewers opleidingsbehoeftes aangetoon het: Owerheidsektor N | Owerheidsektor % | Private sektor N | Private sektor % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Alle bou-ambagte | 5 | 38,5 | | | 5 | 33,3 |
| Drywer (vervoerwerkers en operateurs | 3 | 23,1 | | | 3 | 20,0 |
| Voorman | 2 | 15,4 | | | 2 | 13,3 |
| Alle ambagte in bouwerkbedryf | | | 1 | 50,0 | 1 | 6,7 |
| Alle halfgeskoolde werkers | 1 | 7,7 | | | 1 | 6,7 |
| Boukontrakteur | 1 | 7,7 | | | 1 | 6,7 |
| Houtwerkmasjienoperateur | | | 1 | 50,0 | 1 | 6,7 |
| Projekbestuurder | 1 | 7,7 | | | 1 | 6,7 |
| TOTAAL | 13 | | 2 | 100 | 15 | |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 4.7

KWALIFIKASIEVEREISTES WAT AAN BANTOEWERKNEMERS GESTEL WORD

| Beroepskategorie | N | % | Kwalifikasievereiste |
|---|---|---|---|
| 1. Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 4 | 0,2 | Ervaring, tegniese diploma, ambagsertifikaat |
| 2. Klerke | 4 | 0,2 | St. 8 - 10 |
| 3. Tegnici | 4 | 0,2 | St. 8 |
| 4. Vervoerwerkers | 75 | 3,3 | Rybewys, ervaring |
| 5. Gesertifiseerde ambagslui | 118 | 5,2 | Ambagsertifikaat |
| 6. Voormanne en toesighouers | 36 | 1,6 | Ambagsertifikaat, st. 8 |
| 7. Operateurs | 206 | 9,1 | Ervaring |
| 8. Nie-gesertifiseerde ambagslui | 201 | 8,9 | Ervaring, ambagskoolopleiding |
| 9. Vakleerlinge | 105 | 4,6 | St. 8 |
| 10. Arbeiders | 1512 | 66,8 | Geen |
| TOTAAL | 2265 | 100 | |

TABEL 4.8

GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS
VOLGENS BEROEP EN WERKGEWERSEKTOR

(A) MANS

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor | |
|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | | | | |
| Bestuurder/Superintendent van Werke | 4 | 28 | | |
| SUBTOTAAL | 4 | 28 | | |
| Klerke | | | | |
| Magasyn-/pakhuisklerk | 3 | 10 | 1 | 16 |
| SUBTOTAAL | 3 | 10 | 1 | 16 |
| Tegnici | | | | |
| Leerlingtegnikus | 4 | 28 | | |
| SUBTOTAAL | 4 | 28 | | |
| Vervoerwerkers | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 73 | 12 | 2 | 40 |
| SUBTOTAAL | 73 | 12 | 2 | 40 |
| Gesertifiseerde Ambagslui | | | | |
| Messelaar | 53 | 20 | | |
| Messelaar/Pleisteraar | 8 | 22 | | |
| Skrynwerker | 28 | 20 | | |
| Skilder | 25 | 18 | | |
| Loodgieter | 3 | 19 | | |
| Ruitinsitter | 1 | 21 | | |
| SUBTOTAAL | 118 | 20 | | |
| Voormanne en Toesighouers | | | | |
| Voorman: Bou-ambagte | 13 | 29 | | |
| Voorman: Elektriese ambagte | 2 | 20 | | |
| Voorman: Padbouwerk | 20 | 35 | | |
| Voorman: Algemeen | 1 | 7 | | |
| SUBTOTAAL | 36 | 31 | | |

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor | |
|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| <u>Operateurs</u> | | | | |
| Betonmengeroperateur | 48 | 6 | 1 | 10 |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur | 4 | 6 | 1 | 10 |
| Stamperoperateur | 2 | 6 | | |
| Hamerbooroperateur | 10 | 5 | | |
| Padskraperoperateur | 37 | 18 | | |
| Meganiese skropoperateur | 8 | 18 | | |
| Meganiese graafoperateur | 6 | 18 | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 35 | 18 | | |
| Trekkerbestuurder | 52 | 10 | | |
| Skuurmasjienoperateur | | | 2 | 18 |
| SUBTOTAAL | 202 | 12 | 4 | 14 |
| <u>Nie-Gesertifiseerde Ambagslui</u> | | | | |
| Elektrisiën | 20 | 14 | | |
| Messelaar | 28 | 12 | 2 | 16 |
| Messelaar/Pleisteraar | 57 | 10 | 2 | 17 |
| Skrynwerker | 25 | 10 | 10 | 40 |
| Skilder | 21 | 11 | 2 | 18 |
| Loodgieter | 15 | 14 | | |
| Pypleêr | 8 | 5 | | |
| Steierwerker | 6 | 6 | | |
| Dakwerker | | | 3 | 20 |
| Oprigter van heinings | | | 1 | 16 |
| Ruitinsitter | | | 1 | 16 |
| SUBTOTAAL | 180 | 11 | 21 | 28 |
| <u>Vakleerlinge</u> | | | | |
| Elektrisiën | 48 | 16 | | |
| Messelaar | 21 | 7 | | |
| Messelaar/Pleisteraar | 6 | 8 | | |
| Skrynwerker | 4 | 5 | | |
| Loodgieter | 2 | 8 | | |
| Skilder | 24 | 6 | | |
| SUBTOTAAL | 105 | 11 | | |

TABEL 4.8 VERVOLG

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor | |
|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| Arbeiders | | | | |
| Arbeider | 1379 | 5 | 123 | 8 |
| Wag | 10 | 6 | | |
| SUBTOTAAL | 1389 | 5 | 123 | 8 |
| GROOTTOTAAL | 2114 | 8 | 151 | 11 |

(B) VROUE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Arbeiders | | | | |
| Arbeiders | 80 | 4 | | |
| Kok | | | 1 | 4 |
| TOTAAL | 80 | 4 | 1 | 4 |

TABEL 4.9

TOTALE EN GEMIDDELDE LOON VAN BANTOES VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

| Werkgewersektor | Mans | | | Vroue | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Totale Loon: Rand per week | Gemiddelde Loon: Rand per week | N | Totale Loon: Rand per week | Gemiddelde Loon: Rand per week | N | Totale Loon: Rand per week | Gemiddelde Loon: Rand per week |
| Owerheidsektor | 2114 | 17070 | 8,1 | 80 | 320 | 4 | 2194 | 17390 | 7,9 |
| Private sektor | 151 | 1729 | 11,5 | 1 | 4 | 4 | 152 | 1733 | 11,4 |
| TOTAAL | 2265 | 18799 | 8,3 | 81 | 324 | 4 | 2346 | 19123 | 8,2 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRIVAATSAK X41

PRETORIA

Telefoon : 486562
Navrae : C.P. Wolmarans
P. Hartman
Verwys. Nr. N/2/2/3

## WERKGELEENTHEDE IN DIE BOU- EN KONSTRUKSIE AKTIWITEITE IN DIE TUISLANDE

☐☐☐☐ Vraelysnommer 1 - 4

1 Datum ______________________ ☐☐ 5 - 6

2 Soort besigheid ______________________
______________________ ☐☐☐ 7 - 9

3 (a) Is daar bepaalde groepe werkers in u diens wat na u mening beter opgelei behoort te word?

Ja ☐
Nee ☐ 10

(b) Indien ja - watter beroepe?

(1) ______________________ ☐☐☐☐ 11-14
(2) ______________________ ☐☐☐☐ 15-18
(3) ______________________ ☐☐☐☐ 19-22
(4) ______________________ ☐☐☐☐ 23-26

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| PROFESSIONELE BEROEPE<br>Argitek | 0000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Siviele Ingenieur | 0010 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ander Ingenieurs | 0013 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| BESTURENDE, UITVOERENDE EN ADMINISTRATIEWE WERKERS<br>Bestuurder/Superintendent van werke, konstruksie, ens. | 1000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese Bestuurder | 1013 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Boukontrakteurs | 1015 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Administratiewe beamptes (en hoof- en senior klerk) | 1021 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Inspekteur van konstruksie, persele, behuising, dreinering | 1022 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese beheer-, kontrole, ondersoekbeampte (of superintendent) | 1024 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 76-77 |

Projek Nr. M 32 | 78-80

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| KLERKE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Boekhouer | 2001 | | | | | | | | | | | | | | | |
| -Kassier, betaalmeester | 2002 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Magasyn-, stoorklerk | 2010 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Personeel-, administratiewe klerk | 2012 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VERVOER, AFLEWERING EN KOMMUNIKASIE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Motorbestuurder | 4015 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 4016 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| AMBAGSMANNE, VAKLEERLINGE, NIE-GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (gesert.) | 6008 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (vakleerling) | 6108 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (nie-gesert.) | 6208 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (gesert.) | 6030 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (vakleerling) | 6130 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (nie-gesert.) | 6230 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 76-77 |

| Projek Nr. M 32 | 78-80 |
|---|---|

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| Messelaar (gesert.) | 6040 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (vakleerling) | 6140 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (nie-gesert.) | 6240 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (gesert.) | 6041 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (vakl.) | 6141 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (nie-gesert.) | 6241 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (gesert.) | 6042 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (vakl.) | 6142 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (nie-gesert.) | 6242 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (gesert.) | 6043 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (vakleerling) | 6143 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (nie-gesert.) | 6243 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (gesert.) | 6044 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (vakleerling) | 6144 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (nie-gesert.) | 6244 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VOORMANNE EN TOESIGHOUERS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektriese ambagte | 7002 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bou ambagte | 7003 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 76-77 |

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | |
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS | | | | | | | | | | | | | | | |
| Betonmengeroperateur | 8301 | | | | | | | | | | | | | | |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur | 8302 | | | | | | | | | | | | | | |
| Hyskraanbediener | 8303 | | | | | | | | | | | | | | |
| Mobiele hyskraanbediener | 8304 | | | | | | | | | | | | | | |
| Stamperoperateur | 8305 | | | | | | | | | | | | | | |
| Hamerbooroperateur | 8306 | | | | | | | | | | | | | | |
| Padskraperoperateur | 8307 | | | | | | | | | | | | | | |
| Padrolleroperateur | 8308 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese skropoperateur | 8309 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese graafoperateur | 8310 | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese laaimasjienoperateur | 8311 | | | | | | | | | | | | | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 8312 | | | | | | | | | | | | | | |
| Pyplêer | 8351 | | | | | | | | | | | | | | |
| Steierwerker | 8352 | | | | | | | | | | | | | | |
| Dakwerker | 8354 | | | | | | | | | | | | | | |
| Opsigter van heinings | 8355 | | | | | | | | | | | | | | |
| Ruitinsitter | 8356 | | | | | | | | | | | | | | |
| Trekkerbestuurder | 8801 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | 61-63 | 73-77 |

| Projek Nr. M 32 | 78-80 |
|---|---|

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| ARBEIDERS<br>Arbeiders | 9000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| ANDER BEROEPE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | | 61–63 | 76–77 |

Projek Nr. M 32 78–80

39839

BIBLIOTHEEK